*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*By die stembus is ons volk verslaan.*

# Die O.B.

*Met die Ossewabrandwag gaan ons oorwin.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 4 AUGUSTUS 1943. No. 37.

# Minderheid van Kiesers Stem Vir Oorlog

## DEMOKRATE NOEM DIT „REGEER"

### Erbarmlike Verwaarlosing Van Volksgesinne

'n Ondersoek na die „ontaarding" van 'n deel van die Britse volk het, volgens die Britse blad The Economist, o.a. die volgende oorsake aan die lig gebring: „In die meeste gevalle is die vader 'n ongeskoolde arbeider wie se inkomste nie meer as £3 per week is nie. Die moeder het op veertienjarige leeftyd die skool verlaat en daarna die armoedige soort fabriekswerkster geword. Hierdie ouers wie so inkomste gewoonlik nie vermeerder nie, bou 'n gesin op. **Elke kind wat gebore word, verlaag die lewenspeil van die gesin. Weens armoede kan hulle na mate die gesin groter word, nie in 'n groter huis trek nie, en daar was tot in 1936 gevalle in die Oos-einde van Londen waar vyf lede van 'n gesin op een bed slaap, sewe in een kamer en vyf in 'n ander kamer saam met ses katte."**

Dit was in 1936 dat die demokratiese samelewing kennis geneem het van hierdie erbarmlike gevolge van kapitalistiese uitbuiting. Nou, sewe jaar daarna, kan die „publiek" die feite darem in die pers lees, en menigeen sou ontroerd daaroor kon geraak het, was dit nie dat 'n oorlog in belang van kapitalistiese heerskappy tans alle aandag verg nie.

In ons eie land sit studente nou al jare lank en eksamenskryf oor 'n sogenaamde Carnegie-verslag insake ons „armblankedom" waarin oorsake en nogmaals oorsake opgenoem word vir die verval van 'n deel van ons volk. Elke tweederangse partypolitikus kan syfers uit hierdie verslae aanhaal soos 'n papegaai, **maar wat is daar intussen van staatsweë en maatskaplike kant gedoen om hierdie toestand te verhelp? Niks, absoluut niks. En die rede daarvoor is dat ons land, soos alle demokratiese lande, nog steeds deur kapitalisme regeer word en nie deur die volk nie, en dat alle optrede van parlementsweë toegespits is op verkiesingsveldtogte en stemwerwery in plaas van op die versorging van die volk.**

**Die ware volksorg kan slegs op die grondslag van „ek is my broer se wagter" toegepas word** — iets wat onmoontlik is vir die partypolitiek waar die grondslag is: „ek is my broer se teenstander". **Want in die partypolitiek word die volksbroer belaster, met eiers en tamaties begooi, gedreig of met ydele beloftes bewimpel, want die strewe is dat selfs daardie broer in armoedsverdrukking nog vir jou iets moet gee — 'n stem!** Jyself gee niks, jy „offer" net op vir volk en vaderland deur vergaderings te hou en koukusbesluite te neem om jou „teenstanderbroers" te uitoorlê en by die stembus te verslaan.

En dit noem hulle regeer!

***DINK AAN 8 AUGUSTUS!***

## *Skokkende Bewys van Onmag van Parlementêre Wapen*

### *Kwart van Kiesers Bly Buite Stemming*

**Uit die verkiesingsuitslae straal 'n aantal waarhede wat ons hieronder aanstip. Die feite is kortliks dat die oorlogskoalisie in terme van setels 'n oorwinning behaal het van 107 teenoor 43, en in terme van stemme (indien in onbestrede setels 'n ondersteuning van 5,000 toegeken word) van ongeveer 625,000 teenoor 344,000.**

1. Genl. Smuts het 'n beroep op sy ondersteuners gedoen om van die verkiesing 'n referendum te maak. Ná die stemdag het die Regeringspers daarop geroem dat hierdie oproep „tot op 'n letter uitgevoer is". **Ons moet dus aanneem dat die Regering sy maksimumkrag ontplooi het, m.a.w. dat elke oorlogsondersteuner op die kieserslys gaan stem het. NOGTANS HET GENL. SMUTS NIE DAARIN GESLAAG OM DIE MEERDERHEID VAN DIE KIESERS VIR DIE OORLOG GEREGISTREER TE KRY NIE. Daar was 1,275,369 name op die kieserslys en selfs met behulp van ongeveer 45,000 nie-blanke stemme kon die Regering nie die meerderheid van hulle tot 'n uitspraak ten gunste van die oorlog oorhaal nie. Die meerderheid van die volk is gekant teen of onverskillig ten opsigte van die oorlog. GENL. SMUTS HET NIE DIE MEERDERHEID VAN DIE KIESERS AGTER SY OORLOGSPOGING NIE.**

2. **Een-derde van die soldate binne die Unie het nie gestem nie en van diegene wat wel gestem het, het soveel met opset hul stembriewe bederf dat, volgens persberigte, in sommige kiesafdelings nouliks meer as die helfte geldig was. HIERDIE FEIT OPENBAAR DAT 'N MAGTIGE DEEL VAN DIE SOLDATE NIE NET TEEN DIE OORLOG GEKANT IS NIE, MAAR GEEN VERTROUE MEER IN DIE PARTYPOLITIEKE STEMBUS HET NIE.**

3. Kleurlingstemme was in 'n groot aantal kiesafdelings deurslaggewend. **Solank die stembus as wapen gebruik word, sal die nie-blankes steeds 'n seggenskap in die volkstryd hê.**

4. Die kommunisme het slegs 6,836 stemme verkry. Dit toon dat die blankes in ons land in hierdie stadium nog nie vatbaar is vir die verwoestende leer van Moskou nie. Aan die ander kant is dit geen weergawe van die kommunistiese invloed nie wat hoofsaaklik geleë is in die nie-stemgeregtigde gekleurde bevolking. **Dit maak hom dus niks minder gevaarlik nie — slegs onmeetbaar.**

5. Die Ossewabrandwaglede het met 'n enkele uitsondering as 'n groep wel gestem vir anti-oorloggesinde kandidate. As waarskynlik die mees politiekbewuste groep in die volk het die Ossewabrandwaglede **teen die oorlogsbewind geslaan met 'n wapen waarin hulle tog geen geloof het nie.**

6. **Tienduisende minder-politiekbewuste Afrikaners het egter buite stemming gebly omdat hulle as gevolg van die gebrek aan eenheidsoptrede by voorbaat geen heil in die verkiesing vir die Afrikanerdom gesien, en gevolglik dit nie die moeite werd geag het om 'n stem uit te bring op een of die ander brokstuk nie. Vier-en-twintig persent van die kiesers het buite stemming gebly, hoewel in sommige kiesafdelings soveel as 95 persent gestem het. Ons kan dus aanstip dat die onderlinge broederstryd, wat twee jaar gelede van stapel gestuur is kort nadat die volk sy eenheid by Monumentkoppie met 'n eed bevestig het, so verlammend ingewerk het op die minderpolitiekgesinde deel van ons volk, dat 'n groot deel van hulle alle belangstelling in die partypolitieke stryd verloor het.**

7. Die Afrikanerdom se verteenwoordigers in die parlement (met insluiting van die Speaker en Stellenbosch se vakante setel) het as gevolg van die verkiesing **van 66 tot 43 verminder. Parlementêr staan ons volk dus ontsaglik swakker as voor die verkiesing.**

8. Die H.N.P. het twee setels gewen, terwyl die Nuwe Orde en Afrikanerparty in die onderlinge stryd, sover dit setels betref, deur die H.N.P. uitgewis is.

9. Die feit dat O.B.-lede aan die verkiesing deelgeneem en hul stemme vir 'n groot deel op die H.N.P. uitgebring het, kan nie beskou word as 'n bewys van vertroue in die stembus of 'n bepaalde party nie. **Hulle het as politiekbewuste groep TEEN die Empire en die oorlog gestem.**

10. Eenheidskandidate het oor die algemeen swak gevaar. Die meerderheid nasionaalgesinde kiesers het vir die kandidaat gestem wat volgens hul mening die beste vooruitsig gehad het om die setel te verower,, waardeur hulle gemeen het om die Empire harder te slaan.

11. Die uitslag van die verkiesing toon dat die parlementêre stelsel dit moontlik maak vir 'n magsgroep wat 'n **minderheid** van die stemgeregtigdes uitmaak, om binne die parlement met 'n **twee-derde oormag** te regeeer. **Hoewel die Regering nie vyftig persent van die kiesers se steun wegdra nie, het hy nogtans 'n meerderheid van 71 persent in die parlement. 'n Volk se krag kan dus nie in terme van setels bereken word nie.**

12. **Die verkiesing het op duidelike wyse getoon dat die partypolitiek 'n wapen is waarmee die vyand wen en die Afrikaner verloor.** In 1938 het die Nasionale Party in sy alleenheid 250,000 stemme op homself vergader. Dit was op 'n oomblik toe 'n sterk deel van die Afrikaners nog binne die Verenigde Party gesit het. Ondanks die natuurlike toename wat daar in vyf jaar moes gewees het (die kieserslys toon 'n vermeerdering van 300,000) en ondanks hereniging na September 1939, het die Herenigde Nasionale Party in hierdie verkiesing slegs 66,000 stemme meer gekry as wat die Nasionale Party stokalleen vyf jaar gelede getrek het. **Hierdie ongunstige posisie moet deels ook toegeskryf word aan die vergrote nie-blanke en uitlanderstemkrag.**

**Alle feite uit die verkiesing wys in een rigting en dit is dat die vryheidspad van die Afrikanervolk nie langs die weg van die Imperiale stembus lê nie. Op daardie pad verloor ons volk steeds verder en verder. Die pad van ons volk na oorwinning, vryheid en eenheid is die pad van die Volksbeweging wat alle Afrikaners as volksgenote en dus mede-stryders erken, en wat die vyand beveg op die terrein wat hyself uitkies.**

'N

GULDE GELEENTHEID

IN DIE VOLLE SIN VAN DIE WOORD

Beleggings moet veilig en winsgewend wees, belê daarom u geld in 'n bewese winsgewende besigheid met ses groot takwinkels en twee fabrieke wat almal 'n vaste en groot omset het. Excelsior Meubels het reeds in sy eerste jaar 8% dividend op beleggings betaal, dit verskaf werk aan 80 blankes wat jaarliks £25,000 verdien terwyl die jaarlikse gesamentlike omset van die takke en fabrieke reeds £200,000 beloop.

U gaan ook deelneem in die opbou van hierdie grootste Afrikaanse saak! 'n Prag-brosjure word tot u beskikking gestel wat bewyse lewer van die sukses van

EXCELSIOR MEUBELS BEPERK.

Die Sekretaris, EXCELSIOR MEUBELS BEPERK. Posbus 6670. JOHANNESBURG.

Stuur u prag-brosjure asseblief aan

M ........................................

........................................

G. A. FICHARDT, Beperk
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN

116 Takke 44,000 Lede
AVBOB
Reserwe-fonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

*HET U AL BESTEL?*

*Indien nie, doen dit tog dadelik!*

*MÔRE MAG TE LAAT WEES*

GENERAAL
J. B. M. HERTZOG

*'n Lewensgeskiedenis*

deur

C. M. van den HEEVER

★

Verskyn Eersdaags

★

Die boek beslaan ongeveer 900 bladsye met seldsame fotos op kunspapier. U sien hom as seun, as student, as regter, as politikus, as leier, as Eerste Minister, as mens — en dan as banneling in sy eie land!

HIER IS 'N BOEK WAT ELKEEN MOET BESIT

Prys £1-2-6
EN POSGELD 1/6

Weens die oorlogsomstandighede kan ALLEEN kontant-bestellings in aanmerking geneem word. Gereed teen die helfte van 1943 MAAR bestel nou.

DIE OPLAAG IS BEPERK

AFRIKAANSE PERS BEPERK
Posbus 845. Johannesburg.

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

# Ossewabrandwag Glo dat God Ons Die Middel tot Vryheid sal Gee

## Partystelsel 'n Beproefde Mislukking

**Die O.B. het steeds een helder boodskap en dit is: alle Afrikaners bymekaar, saamgesnoer tot lewende krag as volksbeweging van die republikeinse Boerevolk, met die groot doelwit om ons nasie vry te maak in alle opsigte en op elke gebied van die lewe. In die strewe na hierdie vryheid lê die gemeenskaplike stryd en oogmerk van alle werklike Afrikaners, het gebiedshoofgenl. H. M. van der Westhuyzen in 'n toespraak tydens sy toer deur Noord-Transvaal gesê.**

Noudat die parlementêre verkiesing van 7 Julie verby is, pas dit ons om op nugtere wyse 'n bietjie nabetragting te hou. Hoe dikwels word dit ons voorgehou dat die verkiesing die enigste middel is wat met vrug aangewend kan word tot verkryging van ons volk se algehele vryheid en selfstandigheid. Die Ossewabrandwag put sy inspirasie uit ons nasionale verlede; hy delf daar waarheide op wat dien tot rigsnoer van ons toekoms. Een daarvan wat reeds telkens onder aandag gebring is, is die feit dat 'n middel tot 'n doel nie alleen-saligmakend is net omdat dit 'n middel is nie. **Die toepaslikheid en doeltreffendheid daarvan hang alleen af van bepaalde omstandighede. Die TREK as middel was vir die Voortrekkers wel 'n sukses, maar later vir die Boere na Angola en nog later vir diegene wat selfs na Argentinië getrek het, was dit nie die geval nie.** Terwyl wapenverset in die Eerste Vryheidsoorlog en later met die Jameson-inval slaag, misluk dit daarenteen in die Tweede Vryheidsoorlog en ook met die Burgeropstand van 1914-15. Presies so ook met ander middels; laat ons nog een daarvan noem, naamlik die parlementêre verkiesing. **Hoe dikwels is hierdie middel nie beproef nie? Hoe lank het Afrikaners binne die Britse parlementêre stelsel hul hoop al hierop gevestig, hul volle kragte daaraan gewy vir die verkryging van die Boerevolk se vryheid; nie omdat die volk hierdie middel gekies het of verlang nie, maar eenvoudig omdat die Britse stelsel wat deur die Britse veroweraar op ons afgedwing is, dit stel as die enigste sogenaamde konstitusionele middel.** Is dit om die rede die enigste wettige en enigste doenlike middel? Selfs die oorwinning in 1924 van diegene wat gepleit het vir afskeiding uit die Britse ryk, het die Boerevolk nie vry van buitelandse bande en oorheersing kon maak nie. Die verkiesing is nie die enigste moontlike middel vir ons volk om aan te wend net omdat dit die gegewe middel van die Brits-parlementêre stelsel is nie. Onder heersende omstandighede sien die O.B. nie die minste moontlikheid tot sukses met hierdie middel nie; trouens die kanse daarvoor word aldag swakker.

**Daarom wil die O.B. gebruik maak van enige middel wat mag lei tot ons algehele vrymaking; maar hy weet die eerste voorwaarde is dat die ganse Boerevolk eers tot een bewegende krag binne een omvattende volksbeweging saamgesluit moet wees, aleer hy watter middel ook al met sukses kan toepas; en hy glo dat God op daardie gegewe tydstip die nodige middel sal voorsien.** Binne 'n verbrokkelende partystelsel is dit wesenlik onmoontlik.

### DIE VERKIESING

Die verkiesing van 7 Julie het tot sover die volgende feite aan die lig gebring:

(a) Die O.B. is 'n algemene volksorganisasie en **geen partypolitieke organisasie nie, daarom het dit geen parlementêre setel vir homself betwis nie, geen kandidate gestel nie en geen politieke party se plek ingeneem nie.**

(b) Die O.B. se lede was vry om vir 'n republikeinse kandidaat te kan stem mits dit binne die raamwerk van die O.B., soos aangegee in die leiding van die K.G., kan pas. **Die O.B. het onteenseglik 'n bydrae gelewer tot samewerking, hoewel hy aan die middel nie glo nie. Die partykoerante het oral getuig van samewerking en ons bêre die uitknipsels.**

(c) Die O.B. het hiermee sy standpunt wat reeds lankal die wêreld deur bekend geword het, nogeens duidelik gestel as **teen** die oorlogsbeleid, die imperialisme, die kapitalisme, die kleurlose liberalisme en die kommunisme, en **vir** 'n selfstandige Boererepubliek in alle opsigte Afrikaans in vorm en inhoud, gegrond op die goeie uit die verlede en gerig op volkome vryheid van die volk in die ry van kragtige jong volkere van die nuwe wêreld.

(d) Die O.B. was en bly, ondanks alles wat in die verlede gebeur het, groot genoeg om die hand van samewerking uit te steek na elke Afrikaner wat in opregtheid gereed is om samewerking te aanvaar. Moenie veg met mede-Afrikaners in dinge waaroor ons dit eens is nie.

(e) **Die verkiesing het bewys dat ons mede-republikeine wat nog in die partystelsel glo, in elk geval die hulp en saamwerking van O.B.-lede nodig het, al is dit dan ook net terwille van 'n anti-oorlogsdemonstrasie, want selfs hulle glo nie dat hierdie verkiesing die huidige regering uit die setel kan lig nie.**

(f) Die verkiesing het ook bewys dat baie O.B.-lede onwetend gedink het in terme van **partye,** van **kandidate** as verteenwoordigers van partye en van **setels** in 'n Britse parlement, en dat hulle nog nie die eerste waarheid wat ten grondslag lê van 'n volksbeweging duidelik gevat het nie — die hele republikeinse Boerevolk byeen, losgemaak van alles wat vreemd en wat Brits is, een bewegende krag op weg na ons volslae onafhanklikheid.

Die werk van die O.B. gaan voort, sterker en beslister as ooit voorheen. Konsolideer die Afrikanerkragte verder. Doen dit met alle mag in opregtheid en eerbaarheid teenoor u O.B.-eed en teenoor u mede-Afrikaner in diens van God, Volk en Vaderland.

**Let op dat die Britse stelsel waarin ons leef die Boerevolk NIE vry kan maak nie. Hierdie vreemde stelsel is ons werklike vyand en nie ons medestryders wat eweneens spartel om die euwel daarvan af te weer nie. Ondersoek die uitslae van die verkiesing wanneer dit kom en oortuig u van die ondoelmatigheid van hierdie middel wat die Boerevolk betref.**

Laat allermees nooit toe dat deur middel van hierdie vreemde stelsel in sy toepassing, ook ten opsigte van hierdie afgelope verkiesing, onenigheid kom of voortbestaan tussen O.B.-lede self nie; dit is juis hierteen dat die hoofleiding uit die staanspoor uit sterk gewaarsku het. Laat niemand toe om verskil te bewerk tussen u en u mede-eedgenote nie. Staan saam en **bewys** nou aan die buitewêreld dat die O.B. 'n gedissiplineerde organisasie is met **lede vir wie die volksaak hoër is as persoonlike geskille, motiewe en voordele.**

Glo in die leiding van die Here wat ons Boerevolk in aansyn geroep en gelei het; glo in die roeping van ons volk, glo in die nasieskap wat God vir u gekies het en in u eie krag om daardie volk tot selfstandigheid te help voer. Kyk ver vooruit, volbring u plig en gee u diens. Dit veronderstel dissipline, blymoedigheid en volharding met toegewydheid aan God, Volk en Vaderland.

Foon 62 Posbus 53
HEILBRON
OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat
BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.
Die MODERNEWINKEL

# Ossewabrandwag Staan Gereed vir Sy Taak

## Toekoms in Hande van Volksbeweging

**Aangesien die Ossewabrandwag oortuig is dat ons eenheid en vryheid alleen langs die weg van die Volksbeweging verwesenlik kan word en dat die verdelende en pratende partypolitiek geen heil meer vir ons volk kan bring nie, is alle pogings in die werk gestel om die O.B. vir sy groot bevrydings- en eenheidstaak in volledige gereedheid te bring.**

Toe al die Afrikaanse partypolitieke praatkanale net kruises-lawaai met die oog op die verkiesing uitgestoot het, het die O.B. in dodernstige stilte en met die grootste spoed sy eie organisasie stewig uitgebou, nie alleen met die doel om die volbrenging van sy eenheids- en bevrydingstaak met nog groter sekerheid te waarborg nie, maar ook om sy gesagstaat van die toekoms teen alle aanslae van binne en van buite volledig te beskerm. **Nou dat die partypolitieke wapen finaal misluk het, is die Ossewabrandwag volkome gereed vir die grootste historiese taak wat op hom rus, nl. om ons volk te verenig en te bevry van imperialisme, kapitalisme en kommunisme.**

Vir die volbrenging van hierdie taak doen die O.B. 'n beroep op die edelste en sterkste eienskappe van die Afrikaner: **eerlikheid, offervaardigheid, getrouheid, moed en volharding.** Diegene by wie hierdie eienskappe ontbreek, vind nie hul tuiste binne die O.B. nie. Ons weet dat die partypolitiek, om aan die bewind te kan kom, 'n beroep doen veral op die eiebelang, die neiging om deur staatsaalmoese maklik versorg te word, die vatbaarheid vir onware insinuasies, die oorlogliefde, die afkeer teen alle inspanning, die sensasiesug, selfsoekery en dergelike neigings en eienskappe van die individu. Wanneer 'n egoïs lawaai, stroom alle egoïste na hom. Wanneer 'n heroïese vegter storm, storm alleen die manne van durf en staal saam met hom.

Die O.B. het met die oog op sy bevrydingstaak sy organisasie op so 'n wyse uitgebou dat daarin geen plek vir eiebelangsoekers, ontroues, lafaards, skinderspesialiteite, dwarstrekkers, beterweters en dergelike meer is nie. Sy volledige uitbouing as volksbeweging geskied alleen deur die aaneensluiting van gedissiplineerde Afrikaners wat weet hoe om te volg en te lei, om te gehoorsaam en gesag te dra, Afrikaners wat eerlik lewe, getrou en moedig veg, volhard totdat die vryheid verwerf is, alles in die stryd offer en 'n onwrikbare geloof in die Goddelike eindbeskerming van hul volk besit.

### WELKOM

**Vir duisende eerlike en moedige Afrikaners wat geswig het voor die onware agterdogsaaiery teen die O.B. en sy leiding en wat die partypolitieke wapen nog 'n keer op die proef wou stel, is daar opening binne die organisasie van die O.B. om saam te beweeg, gedissiplineerd en vasberade, op die engste moontlike weg na vrywording.** Teleurgesteld in die partypolitiek sal hulle hul plek in die Volksbeweging inneem en as soldate van die Republiek onstuitbaar voortmarsjeer na vryheid. Soort soek soort. Die onderlinge aantrekkingskrag van soortgesindes word nie deur en binne die Volksbeweging deur kunsmatige middels, soos in die partypolitiek, in sy uiting gestrem nie. Inteendeel, daarvoor laat die Volksbeweging die grootste ruimte.

Aangesien die O.B. op hierdie wyse alleen daadkragtige, vasberade, moedige, offervaardige en getroue volksgenote saamtrek binne 'n geheel van dissipline, gehoorsaamheid, verantwoordelikheid en gesag, 'n geheel met onbreekbare weerstandsvermoë en selfvertroue, **is aan die vernaamste voorwaarde vir die bevryding van ons volk voldoen. Hiersonder kan ons volk homself nie bevry nie. Op grond van hierdie inherente karakter van die O.B. is dit nutteloos om oor die wyse waarop in die heersende omstandighede ons vryheid volkome verwesenlik sal word, te spekuleer. Ons weet dat dit bloot 'n konsekwente uitvloeisel van hierdie inherente karakter van die O.B.-organisasie sal wees.**

Net so is die O.B. in die tweede plaas, as gevolg van sy volledige uitbouing tot Volksbeweging, gereed om sy eenheidstaak te volbring. Voorheen was die O.B. bereid om mee te werk aan die totstandhouding van die uiterlike eenheid van ons volk, d.w.s. deur die samesnoering van Afrikaanse organisasies, in die hoop dat die innerlike eenheid van ons volk langs hierdie weg bevorder sou word. Hiermee het die O.B. hom bereid verklaar om voorlopig slegs 'n deel-organisasie van die Afrikanerdom, nl. bloot sy aksiefront te wees. **Nadat alle pogings om 'n uiterlike eenheid van hierdie aard tot stand te bring, misluk het, het die O.B. besef dat hy nie langer kan versuim om stoksiel alleen die verantwoordelikheid vir die innerlike sowel as uiterlike eenheid van die Afrikanerdom op sy skouers te neem nie. Ook met die oog op die volbrenging van hierdie grootse en verantwoordelike taak het die O.B. hom, nog voordat die kragverspillende verkiesing uitgewoed was, tot 'n volledige en omvattende Volksbeweging uitgebou.**

Die O.B. is dan ook binne die kort bestek van 'n paar maande sodanig uitgebou dat nou reeds die ekonomiese, maatskaplike, kulturele en staatkundige strewe van die Afrikanerdom in homself opgeneem is en deur sy aksieorganisering van man, vrou en kind, van gesinne en arbeidskringe, stap vir stap verwesenlik word.

### OORHAASTIG

Vanweë die nood veroorsaak deur die heersende oorlogsomstandighede was ons almal oorhaastig om gou 'n uiterlike eenheid, deur die sameskakeling van alle Afrikaanse volksorganisasies en politieke partye, tot stand te bring. Ons het vertrou dat hieruit dan 'n omvattende Volkseenheidsbeweging sou groei. Omdat die nood hoog was, was ons almal bereid om teen die wette van die natuur te handel. Dit het misluk.

Die O.B. het daarom besluit om sonder enige verdere versuim volgens die wette van die lewende natuur te handel in sy strewe na volkseenheid, naamlik deur die groeiproses vanaf innerlike eenheid tot uiterlike eenheid te bevorder. Alles wat lewe, groei van binne na buite en nie van buite na binne nie.

Om in die eerste plaas innerlike volkseenheid, as voorwaarde vir uiterlike volkseenheid te verwesenlik, is nie nodig die samesnoering van die groots moontlike aantal volksgenote as lede van die Volksbeweging nie. **Wat allereers nodig is, is om al die bewuste, aktiewe, gesonde, skeppende, arbeidsame en daadkragtige volksgenote, deur rigting aan al hul bedrywighede, hul denke en gesindhede te gee, tot 'n lewensbeskouings-, handelende en voelende eenheid te vorm.** Hierdie innerlike geestes- en lewenseenhid van volksgnote trek dan deur hul optrede in diens van hul volk die ander volksgenote nader, versprei die gemeenskaplike lewensbeskouing in steeds breërwordende kringe totdat uiteindelik almal binne die volkseenheid ingetrek is. So groei eenheid van binne na buite.

Die gemeenskaplike lewensbeskouing waardeur die natuurlike eenheidsproses gevoed word en steeds verder uitgroei, is en kan geen wisselende of kunsmatige partypolitieke program wees nie. Dit het die O.B. duidelik besef. **Daarom het die O.B. met sy uitbouing tot werklike Volksbeweging die vasstelling van die onvervalste gemeenskaplike lewensbeskouing van die Afrikaner in hooftrekke onderneem. Daarna is die konkrete konsekwensies van hierdie lewensbeskouing in die ekonomiese, maatskaplike, kulturele en staatkundige lewe van die Afrikanerdom grondig uitgewerk.** Hierdie groot werk, wat noodsaaklik is vir die vorming van die innerlike eenheid van ons volk, is in die afgelope maande, toe oppervlakkige verkiesingspraatjies ons volk besig gehou het, in hoofsaak voltooi. Binne die O.B. as Volksbeweging word hierdie innerlike volkseenheid, deur die vorming van volksgenote op grondslag van die eie gemeenskaplike lewensbeskouing reeds verwesenlik. Daarmee is aan die vernaamste voorwaarde vir die totstandbrenging van Afrikaanse volkseenheid reeds voldoen.

Voorwaar, die O.B. is gereed vir die volbrenging van sy grootse eenheidstaak.

Die O.B. marsjeer voort na vryheid en eenheid. Die Republikeinse gesagstaat van die toekoms is by voorbaat teen enige aanslae van binne en buite beskerm.

**Ondersteun ons Adverteerders en noem *DIE O.B.***

## GENL. SMITH SKENK SY EIE SKILDERSTUK

**Die A.K.G., genl. J. A. Smith, het een van sy pragtige skilderstukke (sy eie werk) aan die generaalskap van Kaapstad geskenk vir 8 Augustus. Dit is 'n landskap en sal by geleentheid van die generaalskapfunksie opgeveil word. Elke Brandwag sal die waarde van hierdie kunsstuk besef.**

## *REISPLAN VAN A.K.G.*

**CRADOCK**, Maandag, 2 Aug., 2 nm.
**PEARSTON**: Woensdag, 4 Aug. 2.30 nm.
**TARKASTAD**: Donderdag, 5 Aug., 2.30 nm.
**QUEENSTOWN**: Donderdag, 5 Aug., 7.30 n.m.
**ELLIOT**: Vrydag, 6 Aug., 2.30 nm.
**BARKLY-OOS**: Vrydag, 6 Aug., 7.30 nm.
**SOMERSET-OOS**: (Middelton): Saterdag, 7 Aug., 2 nm.
**GRAAFF-REINET**: Maandag, 9 Aug., 2.30 nm.
**ABERDEEN**: Maandag, 9 Aug., 7.30 nm.

## OFFISIER GEHULDIG

Komdt. F. J. Joubert, in bevel van een van die puik afdelings van die Ossewabrandwag aan die Wes-Rand, het sy eenheid verlaat om hom in Roodepoort te vestig waar hy nog sal voortgaan met die verwesenliking van die groot ideaal van die Beweging.

In sy plek is aangestel komdt. M. Hartman, voorheen van Roodepoort, wat hom tans in Luipaardsvlei bevind.

By sy vertrek is 'n goue horlosie aan komdt. Joubert oorhandig as 'n blyk van waardering vir die goeie werk wat hy verrig het, en die liefde wat hy teenoor sy mede- en onderoffisiere betoon het.

Krugersdorp sal komdt. Joubert mis maar het reeds alle steun aan sy opvolger toegesê en belowe om hul pligte getrou na te kom. Die Wes-Rand glo slegs aan één leuse: Tot diens van ons Eenheid.—(Meegedeel.)


## *Woorde Mag Mooi Wees, Maar Dade Tel . . . . .*

● Dit help nie om u mede-Afrikaners net met woorde aan te moedig nie: Ondersteun hulle met dade en stuur al u produkte aan die bekende Markagente

**G. C. du Plessis en Kie.**
**Môremark, JOHANNESBURG.**
Posbus 2817. Foon 33-5060. Tel. Adres: „Duplesko."
Skryf om besonderhede en adreskaartjies
Bankiers: VOLKSKAS (Koöp.) BPK

Voeg DIE DAAD by DIE WOORD
Rook [illegible]

## *£1000 vir u Oë*

Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.

Prys 4/6 posvry **DUWAS** Prys 4/6 posvry

*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*

'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.

Van alle Apteke, of direk van

**Die Voortrekker-Apteek**

KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (BUS 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (BUS 765).
ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH

## Schoemanello Drank . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraal-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Jeripigo Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Anys-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Gemmer-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Lemoen-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Peperment-Likeur | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Van der Hum | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEVER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |
| Suurlemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. Terme:— K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.S.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN,**
**POSBUS 142, — OUDTSHOORN.**

*Hoofartikelblad Advertensies*

*VIERING O.B.-DAG CLANWILLIAM*
vanaf 10-uur v.m. op
SATERDAG, 7 AUG. 1943
bied die
JANDISSELSVLEI- en GRAAFWATER-KOMMANDO'S
te SEEKOEVLEI
alle goedgesinde Afrikaners die geleentheid om geskille opsy te sit en laer te trek teen Volksverdeeldheid
*AFRIKANERS KOM !*
Spreker:
DR. VAN EEDEN
van Stellenbosch.

**O.B.-MUSIEKBUNDEL.**

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel ! !

Elke Brandwag behoort die O.B.-MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die „Ossewabrandwaglied" moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede ! !

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met passende woorde vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

*Prys 2/6 Posvry.*

3/6 insluitende 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

Bestel nou by:—

**Publicité Handelsreklamediens**
(Edms.) Bpk.
Posbus 4892,
JOHANNESBURG.

ONDERSTEUN U BLAD DEUR U ADVERTEERDERS TE ONDERSTEUN

MARKAGENTE

Ons is U agente en is trots dat ons dit mag wees. Met ons puik organisasie en versekerde afsetgebied kan ons u tevredenheid waarborg want dit is seker — u tevredenheid is die enigste basis van ons sukses!

Eiers, Pluimvee,
Groente, Vrugte,
Voer en Vee.

Volkskopermark
BPK.
MÔREMARK, NEWTOWN,
Foon 34-1442, Wolhuterstr. 62,
JOHANNESBURG.

ADVERTEER O.B.-FUNKSIES IN U EIE BLAD



# Die Idee Het Oorwin

Die hergeboorte van ons volk vyf jaar gelede word aan die einde van hierdie week deur die Ossewabrandwag herdenk op 'n oomblik van groot internasionale spanning. Die oë van die wêreld is gevestig op gebeurtenisse in die buiteland wat deur baie as deurslaggewend vir die toekomstige wêreldbedeling beskou word. Alles wys daarop dat die groot uitwendige kragmeting tussen die botsende gedagtes van demokratiese kapitalisme en nasionale hoederskap sy hoogtepunt begin nader. Van demokratiese kant word al gejuig oor die oorwinning oor die uiterlike vorms wat die nuwe gedagte aangeneem het, en daar word al gepraat van die vervanging daarvan deur die demokratiese „vryheid". Dit is dus heeltemal moontlik dat ook ons volk in minder of meerdere mate deur hierdie uitwendige woelinge beïnvloed kan word.

Dit is waar dat Suid-Afrika se lot nou saamgeweef is met wat in Europa gebeur, **maar ons moenie die fout maak wat demokratiese kringe geneig is om te maak, naamlik om aan te neem dat 'n uitwendige militêre oorwinning hier of daar ook terselfdertyd 'n oorwinning vir die demokratiese idee beteken nie. Die uitslag van 'n wapenbotsing is dikwels net die teenoorgestelde as wat aanvanklik beoog was. So het die Wêreldoorlog wat ten behoewe van internasionale kapitalisme gevoer is, op 'n groot deel van die Europese Vasteland presies die teenoorgestelde uitwerking gehad. In plaas van kapitalisme het in meer as een land die internasionale kommunisme die oorwinning behaal.** En was dit nie dat die kommunisme deur 'n beter idee in die daaropvolgende geestestryd verslaan is nie, sou die hele Europa — en miskien die hele westerse beskawing — vandag 'n kommunistiese diktatuur in plaas van 'n kapitalistiese demokrasie gehad het. **Die idee is sterker as enige wapengeweld, en daarom is dit volstrek onmoontlik dat die nuwe nasionale idee van hoederskap deur enige demokratiese wapenfeit vernietig kan word.** Daarom is van Ossewabrandwag-kant herhaaldelik beklemtoon dat die nuwe gedagte wat deur die Ossewabrandwag in Suid-Afrika gedra word, seëvierend uit die stryd sal kom ongeag die militêre uitslag van die oorlog. Deur hierdie feit nogeens te beklemtoon, bedoel ons nie om daarmee te kenne te gee dat die oorlog reeds beslis is nie. Wat in die Middellandse See op die oomblik gebeur, is nog maar voorposgevegte van wat waarskynlik in die nabye toekoms nog gaan plaasvind. Terughoudendheid in verantwoordelike Geallieerde kringe dui daarop dat die leiers van die kapitalistiese oorlogsgroep diep onder die indruk verkeer van die harde taak wat hulle voorlê.

**Omdat ons weet dat die uitkoms van hierdie oorlog 'n oorwinning gaan wees van die nasionale idee wat hoederskap aanvaar, kan die Ossewabrandwag ongestoord aangaan om homself te bekwaam vir die stryd in die eie vaderland.** Die idee van die Ossewabrandwag is besig om geweldig veld te wen. By die soldate is kapitalisme en demokratiese wispelturigheid 'n saak van die verlede. Die Ossewabrandwaggedagte het hulle reeds gepak en wanneer hulle uit die oorlog terugkeer as gewone burgers, sal hulle sy aan sy met die Volksbeweging na volle vryheid marsjeer. Die partylose volksidee wat in die eie bloed 'n volksgenoot en nie 'n partyteenstander sien nie, is besig om ook reeds diep in te slaan in ander volkskringe — tot so 'n mate dat daar al senuweeagtigheid in regeringskringe bespeurbaar is.

**Op 7 en 8 Augustus gaan die Ossewabrandwag daarom met volle vertroue in sy eindoorwinning homself na liggaam en gees versterk vir die stryd wat hom voorlê. Ons weet dat hoe verder die demokratiese planlose geweld die volkere van die wêreld na die diepte sleur, hoe groter word die verantwoordelikheid van die Ossewabrandwag om uit die chaos wat gaan volg, weer orde en gesag te skep.**

# *Die Bedanking van Mussolini*

Die jongste gebeurtenis wat die grootste sensasie gewek het, is die bedanking van Mussolini as Italiaanse regeringshoof. Dit lê voor die hand dat hierdie gebeurtenis in Geallieerde kringe met gejuig begroet is en by die bondgenote van Italië waarskynlik ontsteltenis verwek het. Dit lê ook voor die hand dat die bedanking van Mussolini onder die vyande van Italië 'n hele boel wensdenkerige kommentaar uitgelok het. Al wat ons op die oomblik met sekerheid weet, is dat Mussolini bedank het, dat 'n nuwe regering onder maarskalk Badoglio gevorm is en dat die nuwe regeringshoof in 'n proklamasie verklaar het dat „Italië sy geloof in sy gegewe woord behou" en dat „die oorlog voortgaan".

Ons is op die oomblik nog nie van amptelike Italiaanse kant ingelig waarom Mussolini bedank het nie. Volgens Duitse berigte het hy om gesondheidsredes bedank. Dit is waarskynlik dat dit hier om 'n „diplomatiese krankheid" handel hoewel Engelse nuusblaaie hier te lande in die verlede reeds dikwels uitgewei het oor Mussolini se „slegte gesondheid". Daar is ook beweer dat Mussolini se bedanking aan interne Italiaanse geskille toegeskryf moet word. Dit is waarskynlik dat die bedanking van Mussolini in regstreekse verband met die Italiaanse oorlogsvoering staan. Dit staan vas dat die Italiaanse strydmagte in die huidige oorlog heel weinig presteer het. Dit lyk of daar by die Italiaanse soldaat vanaf die begin heel weinig geesdrif vir die oorlog bestaan het.

Wie dra die skuld vir Italië se militêre nederlae? Dit spreek vanself dat die verantwoordelike regeringshoof en sy Fascistiese Party die skuld moet dra. Net soos militêre nederlae in die huidige oorlog die bedanking van demokratiese Britse en Franse premiers tot gevolg gehad het so het ook die Fascistiese regeringshoof die Italiaanse nederlae nie oorleef nie. Net soos sy Britse en Franse kollegas het hy sonder 'n rewolusie die veld geruim.

Hoewel militêre nederlae die hoofoorsaak aan Mussolini se bedanking mag uitmaak, kan die hele saak tog meer ingewikkeld wees. In Italië was Mussolini nie die enigste baas nie. Daar is die Koning, die Pous en die Leër, en die vraag is of Mussolini se gebrek aan militêre suksesse nie die verhoudings tussen hom en hierdie magsfaktore ernstig versteur het nie.

### Wat omtrent die Toekoms?

Daar is diegene wat meen dat Mussolini se bedanking die eerste stap is om Italië nie-oorlogvoerend te maak nie. Dit mag so wees. Dit is moontlik dat 'n wapenstilstand en vredesluiting met Badoglio makliker sal wees as met Mussolini. Die saak is egter nie so eenvoudig nie. Italië, 'n arm land en veel meer geïndustrialiseerd as in die vorige oorlog, is so ingeskakel in die Europese huishouding dat 'n afsonderlike wapenstilstand maklik chaos vir hom kan beteken. Sal die Geallieerdes vir Italië van die nodige grondstowwe, dryfstof en lewensmiddele kan voorsien as sy toevoer uit Europa afgesny word? In Brittanje en Amerika bestaan daar vrees vir 'n Italië waar daar chaos sal heers.

Op die oomblik is dit verstandiger om die toekomstige ontwikkeling in Italië met geduld af te wag dan om tot wensdenkerige voorspellings oor te gaan. Mussolini het van die toneel verdwyn. In Italië het hy grootse werk gelewer wat hom nog lank sal oorleef. Hiervan kon elkeen wat die ou en die nuwe Italië ken, hom maklik oortuig. Om Mussolini as 'n groot mislukking te bestempel, is onsin. Dit is dieselfde soort onsin wat die tydgenote van die groot Napoleon na Waterloo van hom verkoop het. Waar Mussolini nie geslaag het nie, is om van sy Italiane oorlogshelde te maak. Italiaanse militêre ineenstortings is so oud as die geskiedenis van die Italië van die laaste honderd jaar. In die verlede was dit so dat Italië die veldslae verloor maar sy bondgenote die oorloë wen. Sal die hierdie keer anders wees?

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre-Mark
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

S. J. KRYNAUW
Algemene Handelaar en Produkte Koper.

Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke

Mans en Dames Skoene

Kruideniersware teen die billikste Pryse

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer

H/v NUWE- en GARCIASTRAAT
Foon 68 — — Posbus 54
BEAUFORT-WES

MAGTIGE ROLPRENTVERTONING IN KLEUR.
**„Die Gedissiplineerde Afrikanerdom"**
*DIE PRENT VAN DIE JAAR.*
Toegejuig deur Tienduisende Afrikaners.
Die Eerste 100% Afrikaanse Rolprent van sy Soort.

- Verering van Boerehelde.
- 'n Blik uit die slag van Amajuba.
- Die Stille skoonheid van die Wildtuin.
- Romantiese toneel in die hoofstad van Oom Paul.
- 15,000 gedissiplineerde Afrikaners op parade.

KOM KYK WAT U EIE BEWEGING REEDS PRESTEER HET!

*('n Roaf-Vertoning.)*

IN KAAPLAND, GEBIED A :

| | | | |
|---|---|---|---|
| CARNARVON .. .. | 7 Aug. | WORCESTER .. .. | 13 Aug. |
| VICTORIA-WES .. | 9 Aug. | CERES .. .. .. .. | 14 Aug. |
| LOXTON .. .. .. .. | 10 Aug. | PAARL .. .. .. .. | 16 Aug. |
| FRASERBURG .. .. | 11 Aug. | STELLENBOSCH .. | 17 Aug. |
| SUTHERLAND .. .. | 12 Aug. | MALMESBURY .. .. | 18 Aug. |

Sien uitgawe van 11 Augustus vir verdere aankondigings.

# Partypolitiek Geweeg en te Lig Bevind

## Parlementêre Stelsel Laat Toe Dat Minderheid Regeer

**Een feit staan soos 'n paal bo water: die minderheid van die stemgeregtigde kiesers van Suid-Afrika is ten gunste van ons deelname aan die huidige oorlog. Dit was die posisie op op 4 Sept. 1939 en weer op 7 Julie 1943. Die verkiesingsuitslae het getoon dat die oorloggesinde kiesers minder as die helfte van die geregistreerde kiesers uitmaak.**

**Ten spyte van hierdie feit het die demokratiese partypolitiek, sogenaamd gegrondves op die wil van die meerderheid, ons volk in Sept. 1939 op roekelose wyse in die buitelandse oorlog gedompel en in Julie 1943 weer hierdie oorlogsbeleid bekragtig.**

In Sept. 1939 is die partypolitiek as instrument van vrywording geweeg en te lig bevind.

Die uitslag van Julie 1943 spreek net een taal: weereens geweeg en te lig bevind.

**En in albei gevalle was die anti-oorlogsgesindes in die meerderheid!**

Reeds voor die oorlogsverklaring het die Ossewabrandwag met vêrsiende blik ons volk gewaarsku dat eenheid en vryheid nie langs die weg van die partypolitiek lê nie, maar alleen langs die weg van 'n nie-demokratiese partylose volksbeweging verwerf kan word. **En toe op 4 Sept. 1939 die partypolitiek hopeloos gefaal het om ons, die meerderheid, uit die oorlog te hou, kon nog net 'n enkele politieke blinde nie insien nie dat die partypolitiek as vryheidswapen finaal uitgedien is. Die Afrikanerdom het daarop in sy tienduisendes by ons Volksbeweging, die Ossewabrandwag, aangesluit.**

Immers, 'n stelsel wat sogenaamd altyd en alleen die regering deur die meerderheid beteken en dan nog in die praktyk uitloop op 'n regering deur die minderheid, is 'n innerlik teenstrydige gedrog waarop niemand hom kan verlaat as waarborg vir die beskerming van die volksbestemming nie. Almal het dit eens geword dat die demokratiese partypolitieke stelsel, onder die skyn van 'n sogenaamde meerderheidswil, in die praktyk niks anders is nie as 'n oëverblindery waardeur 'n gewetenlose minderheid die volk vir selfsugtige belange uitbuit.

### WEER OPGEWEK

Soos 'n donderslag uit 'n wolkelose hemel is die ou demokratiese partypolitieke gees egter skielik weer in ons volkslewe uit die dode opgewek. Geen Afrikaner, behalwe die partypolitici wat dit gedoen het, kan verstaan waarom dit moes gebeur nie. **Sonder enige gegronde rede is op listige wyse agterdog deur republikeinse partypolitici teen die O.B. gesaai en ons volk skielik weer wysgemaak dat die demokratiese politieke party met sy „beproefde" leiers en kruisiestrekkery ons volk kan verlos van die juk van die imperialistiese minderheidsregering in Suid-Afrika — en dit na die bittere ervaring van Sept. 1939!** Oorstroom deur 'n vloedgolf van agterdogsaaiery teen die gedagte en doel van die Volksbeweging en deur oppervlakkige propagandalawaai in belang van die demokrasie, het duisende Afrikaners weer geloof begin heg aan die partypolitieke stemwapen. Hulle het waaragtig geglo dat, as daar net 'n verkiesing kom, die republikeinse meerderheid aan bewind sal kom . . .

Die verkiesing het gekom. Selfs Brandwagte wat nie voor die ou uitgediende demokratiese rigting geswig het nie, het hul liggelowige broers ondersteun om nog 'n keer te probeer bewys dat eenheid en vryheid langs die weg van die partypolitiek verwesenlik kan word. Die duisende Afrikaners wat selfs ná die ervaring van Sept. 1939 weereens wysgemaak is dat 'n meerderheid noodwendig deur die demokratiese partypolitiek aan die bewind kom en dan oor die lotgevalle van die volk beslis, het met die grootste optimisme hul kruisie gaan trek . . . Die verwagting dat die dag van verlossing aangebreek het, het geen perke meer geken nie. Nie die totale anti-oorlogse stemkrag word gemobiliseer nie, nee, die setels wat mag beteken sal deur die kruisies verower word . . . Die oorwinning is seker.

**Die uitslag: weereens geweeg en te lig bevind. Wat 'n pynigende teleurstelling vir die duisendes wat die geloof aan die partypolitiek begin heg het!**

Teleurstelling soek 'n sondebok. **Daar is maar één—DIE PARTYPOLITIEK.**

**Een troos het ons: Julie 1943 het hom sy finale nekslag in Suid-Afrika toegedien.**

## *VERJAARDAGKETTING*

**5 Aug.:** Jessie Barnard (George), Elzen Burmeister (Noorder-Paarl).

**6 Aug.:** Anna S. Opperman (Merweville), Francina Maas (Lambrechtsdrif), Gerty Terblanche (p.k. Ruytersbosch), Margrieta Steyn (p.p. Rust).

**7 Aug.:** Bobbie Joubert (Sutherland).

**8 Aug.:** Sollie Pienaar (George), Jacobus Nortje (George), Christie Neethling (Stellenbosch), Elise Liebenberg (Noorder-Paarl), Thelma Fourie (Sutherland), Philippus Franken (Caledon), Truda Louw (Stellenbosch).

**9 Aug.:** Johannes Olivier (Merweville), Hester van Greunen (Kirkwood).

**10 Aug.:** Pieter Grové (Vryburg), Koemaria Albertyn (Bellville).

**11 Aug.:** Maria Bothma (Beaufort-Wes), Stefanis Bekker (Beaufort-Wes), Daniel Rademeyr (Humansdorp), Maria Louw (Perde Eiland).

## ETLIKE BOEREBABAS AL GEREGISTREER

Ingevolge die oproep van die Jeugleier, prof. dr. D. J. van Rooy, het talle ouers al dadelik hul suigelinge laat inskryf as Boerebabas. Volgens die nuwe indeling van die Boerejeug is daar ook 'n afdeling vir kinders van 0 tot 6 jaar. Onmiddellik na die geboorte van 'n kind, kan die ouers sy naam en geboortedatum stuur aan die Hoofkwartier, posbus 8321, Johannesburg tesame met 1/- vir elke baba. Hulle ontvang dan 'n lidmaatskapkaartjie wat op die sesde verjaardag van die kind aan die jeugoffisier oorhandig word. Alle kinders tot die ouderdom van 6 jaar kan natuurlik ingeskryf word.

## Wedersydse Hulp Grondslag van Volkseenheid en Oorwinning

### Genl. J. A. Smith Wys die Weg aan

**Die grootste klug en tog die grootste tragedie, is die gevolgtrekking waartoe 'n mens kom by 'n terugblik op die partypolitieke stryd wat sy toppunt in die verkiesing bereik het, het genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., Maandag op Cradock in 'n toespraak verklaar.**

Dit is die grootste klug wat die uitspraak of beslissing van die volk betref. Genl. Smuts wat dit as 'n volkstemming ten opsigte van sy oorlogsbeleid verklaar het, het 'n negatiewe resultaat behaal. **Slegs 49 persent van die kiesers van die Unie, dus minder as die helfte, het vir sy oorlogsbeleid en die Empire gestem. Van die res het ongeveer 27 persent beslis teen gestem en 24 persent het blooteenvoudig hierdie partypolitieke getwis veronagsaam.**

As 'n uitspraak wat die volk betref, is dit negatief — dus 'n klug.

**Dit is die grootste tragedie omdat die nasionaalgesinde volk verskeurd en onderling verdeeld geword is deur die party-politieke twis.** In die uur van sy beproewing staan broer teenoor broer vyandig of ten minste onverskillig. Hulle is nie wagters van hul broers nie.

Die gevolg is, op die basis van setels gereken, dat een van die ander afgevat of probeer afvat het. Jan Smuts het wat setels betref, die voordeel behaal. **Hy het driemaal soveel gekry as die nasionale deel van die volk, hoewel die volk, as dit as volkstemming beskou word, hom nie die meerderheid van die volkstem gegee het nie.**

### NIE ONMAGTIG

Is ons Afrikanervolk onmagtig? Die Afrikanervolk sal nie onmagtig wees nie as hy as volk optree en 'n volkstemming — nie 'n partystemming nie — sou hou, maar hierdie tragedie wat ons volk oorval het, wat ons oor onsself gebring het, dien as 'n skool. **Die eerste en laaste les wat dit vir ons leer is die noodsaaklikheid van volkseenheid.**

Hoe kan ons dit kry? Ons kan as ons net die werklikheid wil aanvaar, net wil besef dat 'n volk in die omstandighede waarin ons Afrikanervolk verkeer, al ons afdelings van ons volksleër tot voordeel van die geheel, na gelang van omstandighede, soms gesamentlik, soms apart op daardie fronte waar aangeval word, in die stryd werp.

**Dit is die groot beginsel wat die O.B. steeds sedert die Elsburgse verklaring — indertyd so verkeerd vertolk deur mede-Afrikaners — op die voorgrond probeer bring.** Dit is die volk saamgetrek in die volksbeweging vir die buite-parlementêre stryd as 'n kultuur en politieke magsfaktor, met erkenning van spesifieke aksie-fronte op spesifieke terreine, soos die volk se georganiseerde godsdienstige aksiefront, sy kerklike organisasies, die volk se georganiseerde ekonomiese aksiefront, sy georganiseerde kultuur-aksiefront en sy georganiseerde parlementêre front.

**Die O.B., hoewel hy die volk probeer lei tot die verkryging van 'n partylose staat, nl. 'n volksgesagstaat, het nòg in woord nòg in daad tothiertoe die parlementêre front solank daar nog 'n parlement gegrond op die huidige stelsel in S.A. bestaan, buite rekening gelaat.**

Die feit dat die O.B.-lede hul venynigste bevegters binne nasionale kring gesteun het teen die Empire, is afdoende bewys dat die Volksbeweging as die slag op daardie terrein gelewer moet word, die parlementêre wapen ook wil gebruik. Hulle het alle hulp aangebied met die voorbehoud egter dat onderling die stryd gestaak moet word. En hierdie aanbod staan nog.

Hoe moet ons dan die op parlementêre terrein verslaande volk red? Die antwoord is in die aanbod van 4 Januarie aan die parlementêre front. Hierdie aanbod bly staan.

**Ons sê nou vir daardie parlementêre front: veg op daardie terrein teen die vyand, u vyand, ons vyand. Ons sal help as julle ons op die buite-parlementêre front help. Laat ons die volksleër met al sy afdelings sterk en heg maak, sodat hulle mekaar kan aanvul.** Dan is die oorwinning seker, want dan verslaan ons die vyand op alle fronte. **Daarvoor is nie formules, dokumente, ooreenkomste of komitees nodig nie — net goeie gesindheid, onderlinge bystand en hulp.**

Die donkerste tydperk lê nog voor. Die Afrikanerdom **moet** uit die as van sy self-toegebrengde nederlaag opstaan. Hierdie keer as 'n eenheidsvolk, toegerus tot oorwinning.

**KAAPSTAD: 8 Augustus 1938: Vertrek van die Ossewaens!**

**KAAPSTAD: 5 Jaar Later: Die trek duur voort!**

Die Skiereilandse Generaalskappe vier

**OSSEWABRANDWAGDAG**

*op Saterdagmiddag, 7 Augustus 1943 op die*

**TERREIN VAN DIE TIERVLEI NASIONALE SAAL**

**(Klim af op PAROW-stasie en die weg sal u aangewys word.)**

**2 uur** — Verkoping, verversings, gesellige verkeer.

**3 uur** — Saamtrekking van Eenhede. Opveiling van Geskenke.

**4 uur** — Ontvangs van Kommando-bydraes.

Kort toesprake: Dr. Erica Theron,
Genl. J. A. L. van Wijk,
Genl. P. D. Rousseau,
H/genl. Dr. F. D. du T. van Zijl.

**5.15 nm.:** Afsluiting: Die Stem van Suid-Afrika.

**Brandwagte sal voor Donker tuis wees.**

DIE O.B. IS 'N MAGTIGE ADVERTENSIEMEDIUM



## *Geklassifiseerde Advertensies*

Aankondigings van O.B.-funksies word in hierdie ruimte opgeneem teen 10/- per duim.

Tarief vir Geklassifiseerde Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël, minimum 4/- per plasing, streng vooruitbetaalbaar. Kaapland stuur aan Posbus 1411, Kaapstad. Transvaal, Vrystaat en Natal stuur aan Posbus 4892, Johannesburg.

### GEBOORTE

**GREEFF.** — Aan Veldkt. en Veldkte. Evert Greeff, Hazenjacht, 'n tweede flukse O.B.-seun op 14 Julie. Naas die Heer ons dank aan verpleegster.

**BLUMENTHAL.** — Aan Veldkt. en mev. Blumenthal, Hoopstraat 23, George, voorheen van Northmeade, Benoni, 'n fris Brandwag op 10 Julie. Naas die Gewer ons dank aan mev. Botha.

**WIGGETT.** — Aan mnr. en mev. Robert Wiggett, Welverdiend, Kestell, 'n fris O.B.-seun op 15 Julie 1943.

### HUWELIK

**CONNIE** en **LUKAS** wens al hul familie en vriende in kennis te stel dat hulle op Ladismith, in die N.G. Kerk, om 2-uur n.m., op Saterdag, 14 Augustus 1943 in die huwelik tree. Alle gelukwensings na: Mev. L. W. Meyer, Klipbankweg, Ladismith. Kom almal en deel in ons geluk.

### IN MEMORIAM

**LOUW.** — Een jaar van stille trane en bittere eensame verlange is verby. Met treurende harte dink ons terug aan die aand van die 11de Augustus 1942, toe ons liefling seun Theunsie deur 'n motorfietsongeluk weggeneem is.

As die nag sy donker sluier,
Saggies oor die aarde vou
Is daar weemoed Theunsie
In die harte wat verlang na jou.

Jou verlangende vader, moeder, broer en suster.

### TE KOOP

**AARTAPPEL-MOERE, ARRAN-CHIEF.** — Hansmoeskraal Saadaartappelkwekersvereniging, bied aan Goewernements-gesertifiseerde moere met A sertifikaat teen 25/- per sak 153 pond V.O.S. George-stasie. Kontant met bestelling. Doen aansoek by: **H. D. Metelerkamp, Grootboek, Posbus 47, George.**

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 3/6. Besems vir huishoudelike gebruik 2/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

**DAGOUD KUIKENS** — Wit Leghorns, Australorps, Rhodes, Orpingtons en Leghornkruising. Almal teen £6 per 100. Besonderhede van **J. S. Viljoen, Posbus 183, Bethlehem.**

**DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6876, Johannesburg.**

SPEELSKEIE van harde en taai houtsoorte word aangebied. Bottelvormige skeie 3/9. Vierkantige kop 4/6. **Koos Botha, P.S. Serpentine, George.**

UITGESOEKTE vars tafelaartappels teen 15/- per sak, gelewer Plathuis-spoorhalte. K.M.B. **A. H. de Vries, Warmwatersberg, Barrydale.**

UP-TO-DATE aartappelmoere, tweede van ingevoerde; goed en gesond, 15/- per sak. **S. P. v. d. Walt, Voëlfontein, P.K. Wildfontein.**

GESERTIFISEERDE Arran-Chief moere van Outeniqualand-Saadaartappelkwekersvereniging teen 25/- per sak. Kontant met bestelling. Doen aansoek by Sekretaris: **R. Barnard, Langhoek, Grootbrakrivier.**

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé, Sasbaukgebou, Bloemfontein.**

**VANS CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 384, Pretoria.**

**S.A.-Grafsteen en Monumentwerke (Eins.) Bpk.**, waarby ingelyf is Die Suid-Afrikaanse Monumentewerke. Grafstene, Randmure ens. Vir meer besonderhede skryf aan Posbus 2, Maitland, of telefoneer 5-4420, of na-ure 5-2823. Adres: **Voortrekkerweg, Maitland.**

### O.B.-DAG NELSPRUIT

Al kom bymekaar op 14 **AUGUSTUS** 1943 om 2-uur n.m. Verkopings en Sport. Kom eet en kom speel op oom **Paul Bester** se plaas. Ook 'n toespraak. **Almal welkom.**

### BETREKKING

DADELIK benodig 'n betroubare Afrikanermeisie vir huiswerk. Gekleurde bediende in diens. Vra om besonderhede by Mev. Dr. P. Coertse, Universiteitsoord, Stellenbosch. Foon 359.

### BETREKKING GEVRA

**O.B. Offisier.** Gekwalifiseerde Motor- en Tractor-deskundige soek betrekking. Vrystaat. Diploma en getuigskrifte, 25 jaar ondervinding, „General Motors." Skryf aan **P. G. Booysen, Losieshuis, Reivilo, oor Taungs.**

### BENODIG

DONSVERE. — Sal enigeen wat ongeveer 8lb. goeie kwaliteit vir verkoop beskikbaar het, asseblief in verbinding tree met: **J. A. van Blommenstein, van Riebeeckstraat, Stellenbosch.**

Mede-brandwagte, ek soek omtrent 300 morge grond te huur. Indien u het skryf aan: **Veldkt. C. C. Oosthuizen, Vlakspruit, P.K. Platrand.**

**HERHOLDT se BOOMKWEKERYE,**
**Posbus 660, — Johannesburg.**
Geniet u eie vrugte, pluk dit van HERHODLT se beroemde VRUGTEBOME, vroeg en laat soorte. Beantwoord in alle dele van die Unie sowel as elders. Bestel gou en voorkom teleurstelling. WINGERDSTOKKE, SIERBOME, BLOMSTRUIKE, ROSE, ens. Duisende tevrede klante, vir u wag dieselfde! Geïllustreerde KATALOGUS gratis aan planters.

### KORRESPONDENSIEKURSUS

**AFRIKANERS LUISTER HIER!** — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgeneesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energieboukursusse. Laasgenoemde kursusse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van: **Unie-Boekhoukollege, Posbus 32, Alexandria.**

**VAN RIEBEECK-TRUST**
MAATSKAPPY BEPERK
SECURITY GEBOU (GRONDVLOER)
REGOOR GARLICKS
KAAPSTAD

Opgerig kragtens Maatskappywet No. 46 van 1926.

DIREKTEURE:

Dr. J. D. M. Claassens (Voorsitter); dr. P. J. Botma; dr. J. H. Pienaar; mnre. M. J. H. Keet; J. J. Ackermann, en Van Aarde de Kock.

Die Maatskappy onderneem Geldbelegging; Eiendomsverkopings, Reëling van Lenings en Verbande op Vaste Eiendomme, en alle soorte Trust- en Afslaerswerk.

Die Opstel van Inkomstebelastingstate; tree op as Agente vir Verkopers en Kopers van Besighede, Vaste Eiendomme, Losgoed, ens. Doen Werk AS MAKELAARS.

Om verdere besonderhede skryf aan of besoek:

Die Waarnemende Sekretaris: MIKE SLABBER.
SECURITY-GEBOU (Grondverdieping), EXCHANGE PLACE
Posbus 1527. regoor Garlick, KAAPSTAD. Telefoon 2-8976.

Takkantore:

ARCADIA-GEBOU, VOORTREKKERWEG, BELLVILLE.
MICHAUSTRAAT 11, STRAND, Bus 56, Foon 178.

**VERLOWINGS, HUWELIKE, GEBOORTES,** ens.—kondig dit aan in **DIE O.B.**

*Ten spyte* van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid

**Damesuitrusting**

by

**Steyns**

PAROW
DIE MODERNE DAMES-MODISTE

L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

**VAN ZYLS**

HOOFSTRAAT, PAARL.

MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS

Netjiese Snyerspakke en Jasse vir die Winter.

BESOEK ONS VIR U WINTERBENODIGHEDE.

'n Pragtige verskeidenheid Warmjasse, Oortrek-Jersies, ens.

OOK OP — — — PORTERVILLE

**DE KOCK se GARAGES**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.
Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS!*

V.M.K. AANBEVEEL.

*Maak Kennis met die*

**Nuwe Volkspele**

Opgestel deur Hester Morrison
(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)
Met Musiek en Liedjies
(grondgedigte) deur
**M. L. de Villiers**
Komponis van
„Die Stem van Suid-Afrika."

*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*

Prys 4/3 posvry

Bestel by die uitgewers,
PRO ECCLESIA-DRUKKERY,
Posbus 28, Stellenbosch
of by u Boekhandelaar.

**STERK SKAKELS...**



***maak 'n sterk ketting!***

Net so bou versorgde, selfstandige huisgesinne 'n selfstandige, selfversorgende volk en land.

*

SANLAM

Die werklik versorgde huisgesin is die een met 'n Sanlam-Polis

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR. WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD